**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Appèl Nr. : A43/07

In die appèl tussen:-

| | |
|---|---|
| **BOESMAN MOTSOENENG** | Appellant |
| en | |
| **DIE STAAT** | Respondent |

| | |
|---|---|
| **CORAM:** | BECKLEY, R *et* VAN ZYL, R |
| **UITSPRAAK DEUR:** | VAN ZYL, R |
| **AANGEHOOR OP:** | 8 SEPTEMBER 2008 |
| **GELEWER OP:** | 11 SEPTEMBER 2008 |

[1] Appellant het as beskuldigde 1 van 2 beskuldigdes in die Streekhof, Welkom, tereggestaan op ses aanklagte, synde:

Aanklag 1: Diefstal van R60.00 gepleeg op 21 September 2002;

Aanklag 2: Diefstal van een 9mm pistool en 15 x 9mm rondtes ter waarde van R3 500.00, gepleeg op 21 September 2002;

Aanklag 3: Besit van ‘n ongelisensieerde vuurwapen, synde ‘n 9mm pistool, gepleeg op 21 September 2002;

Aanklag 4: Besit van ongelisensieerde ammunisie, synde 15 x 9mm rondtes, gepleeg op 21 September 2002;

Aanklag 5: Diefstal van een selfoon ter waarde van R499.00, gepleeg op 30 April 2002;

Aanklag 6: Roof met verswarende omstandighede gepleeg op 23 September 2002, tydens welke rooftog ‘n vuurwapen gebruik is en goedere ter waarde van R10 900.00 geroof is.

[2] Beskuldigde 2 het slegs op die eerste 5 aanklagte tereggestaan en is na sluiting van die Staatsaak ooreenkomstig die bepalings van artikel 174 van Wet 51 van 1977 onskuldig bevind en ontslaan. Nadat appellant getuienis afgelê het, is appellant onskuldig bevind en ontslaan op aanklagte 1 en 5. Appellant is wel skuldig bevind soos aangekla op aanklagte 2, 3, 4 en 6, waarop appellant as volg gevonnis is:

Aanklag 2: 6 (ses) jaar gevangenisstraf;

Aanklag 3: 3 (drie) jaar gevangenisstraf;

Aanklag 4: 6 (ses) maande gevangenisstraf;

Aanklag 6: 15 (vyftien) jaar gevangenisstraf.

Dit is deur die Verhoorhof gelas dat "die vonnisse opgelê op die 2de en 3de aanklag samelopend uitgedien sal word met dié op die 2de en 6de aanklag".

[3] Appellant het by die Verhoorhof aansoek gedoen om verlof om te appelleer teen die skuldigbevindings sowel as die vonnisse, maar is die aansoek van die hand gewys. Appellant het daarop 'n petisie tot die Hooggeregshof gerig, waarop op 9 Februarie 2007 verlof aan appellant verleen is om teen sy vonnisse te appelleer. Gevolglik is die onderhawige appèl slegs teen die opgelegde vonnisse gerig.

[4] Mnr. Vorster, namens appellant, het in sy betoogshoofde en ook tydens die aanhoor van die appèl aan die hand gedoen dat dit blyk dat die Verhoorlanddros waarskynlik 'n fout begaan het deur die bogemelde wyse waarop hy gelas het die vonnisse samelopend uitgedien moet word, deurdat sy bevel waarskynlik nie sy ware bedoeling korrek reflekteer

nie. Die resultaat van voormelde bevel van die Verhoorlanddros het tot gevolg dat appellant ‘n effektiewe vonnis van 15 (vyftien) jaar en 6 (ses) maande moet uitdien, terwyl dit, aldus mnr. Vorster se betoog, waarskynlik die bedoeling was van die Verhoorlanddros dat die vonnisse met betrekking tot die diefstal van die vuurwapen, die onwettige besit van die vuurwapen en die onwettige besit van ammunisie samelopend uitgedien moet word, maar apart van die vonnis van 15 (vyftien) jaar. Mnr. Vorster het aan die hand gedoen dat vanweë hierdie onduidelikheid, hierdie Hof op appèl geregtig is om appellant van nuuts af te vonnis.

Addisioneel tot voormelde, het mnr. Vorster aan die hand gedoen dat die Verhoorhof fouteer het deur nie te bevind dat daar wesenlike en dwingende omstandighede bestaan wat op aanklag 6 die oplegging van ‘n mindere vonnis dan die voorgeskrewe minimum van 15 (vyftien) jaar regverdig en noodsaak nie. Hy het aan die hand gedoen dat die vonnis van 15 (vyftien) jaar gevangenisstraf skokkend swaar en onvanpas is in die omstandighede van hierdie saak.

[5] Mnr. Hoffman, namens die Staat, het toegegee dat die Verhoorhof waarskynlik fouteer het met die wyse waarop hy die bevel ten opsigte van die samelopende uitdiening van die onderskeie vonnisse, bewoord het. Hy het aan die hand gedoen dat dit waarskynlik die bedoeling was dat aanklagte 2 en 3 saam met aanklagte 4 en 6 uitgedien moes word en dat hierdie Hof gevolglik op appél kan inmeng om die bevel dienooreenkomstig te wysig. Die resultaat hiervan sal egter steeds wees dat appellant 'n effektiewe vonnis van 15 (vyftien) jaar en 6 (ses) maande moet uitdien, welke vonnis, aldus mnr. Hoffman se betoog, nie skokkend swaar en onvanpas onder die omstandighede is nie.

Wat die vonnis van 15 (vyftien) jaar gevangenisstraf op aanklag 6 betref, het mnr. Hoffman aan die hand gedoen dat daar geen basis is waarop die Verhoorhof kon of moes bevind het dat daar wesenlike en dwingende omstandighede bestaan wat die oplegging van 'n mindere vonnis dan die voorgeskrewe minimum van 15 (vyftien) jaar regverdig nie. In dié verband het hy in besonder daarop gewys dat appellant vorige veroordelings met betrekking tot huisbraak met die opset om te steel en diefstal, sowel as met

betrekking tot diefstal, het. Hy het bygevolg aan die hand gedoen dat die appèl nie behoort te slaag nie.

[6] Die tersaaklike omstandighede waartydens appellant die oortredings beweer in aanklagte 2, 3 en 4 begaan het en wat na my mening tereg deur die Verhoorhof as bewese bevind is, is die volgende. Die klaer in aanklagte 2, 3 en 4, synde Inspekteur Rantai, was op 21 September 2002 van diens af en het in sy privaat motor gereis, waarin sy jong kind saam met hom was. Hy het toe vir mnr. Khoza, die klaer in aanklag 1, teëgekom, waarop mnr. Khoza aan hom berig het dat R60.00 vanaf hom gesteel is. Inspekteur Rantai het daarop vir mnr. Khoza opgelaai en het hulle twee persone wie deur mnr. Khoza uitgewys is as die persone wat die R60.00 vanaf hom sou gesteel het, een waarvan appellant was, agternagesit. Op ‘n later stadium het Inspekteur Rantai vir appellant opgemerk terwyl hy alleen gehardloop het, waarop Inspekteur Rantai na hom gery en uitgeklim het. Inspekteur Rantai het sy vuurwapen uitgehaal en het hy appellant na hom geroep. Hy het appellant gekonfronteer oor die bewerings wat mnr. Khoza gemaak het. Appellant het toe beweer dat die geld by die ander persoon was wat

weggehardloop het. Hulle het op daardie stadium langs Inspekteur Rantai se voertuig gestaan. Inspekteur Rantai het sy vuurwapen binne sy voertuig op die sitplek gegooi ten einde vir appellant te visenteer. Op daardie stadium het appellant egter agter in Inspekteur Rantai se voertuig ingeklim en het appellant na die vuurwapen in die voertuig gegryp en dit ook beetgekry. Daar het ‘n stoeiery tussen Inspekteur Rantai en appellant plaasgevind en terwyl appellant die vuurwapen in sy hand gehad het, het ‘n skoot in die proses afgegaan en dit het Inspekteur Rantai se kind wat voor in die motor was, getref. Inspekteur Rantai het daarin geslaag om appellant uit die voertuig te kry in die stoeiery wat gevolg het. Hoewel mnr. Khoza steeds verskrik agter in die voertuig gesit het, het hy die geleentheid gekry om appellant ‘n vuishou te gee. Die vuurwapen het op die grond geval. Inspekteur Rantai wou dit optel, maar appellant het dit van hom af weggeskop. Appellant het daarna die vuurwapen opgetel en dit op Inspekteur Rantai gerig en twee skote afgevuur. Die skote het Inspekteur Rantai gemis en appellant het toe opgespring en weggehardloop. Die vuurwapen ter sprake was Inspekteur Rantai se 9mm dienspistool en was daar ook 15 x 9mm rondtes in die

pistool. Die vuurwapen is na die arrestasie van appellant teruggevind, maar met slegs 3 x 9mm rondtes daarin.

[7] Wat aanklag 6 betref, was dit die getuienis van die klaagster daarin, mej. Masilo, wie ten tyde van die voorval in Graad 8 was, dat sy op 23 September 2002 die middag omstreeks 13h00 by haar ouerhuis in die geselskap van verskeie ander persone was. Terwyl hulle gesit en TV kyk het, het appellant ingekom en na haar vader geroep. Sy het hom meegedeel dat haar vader nie tuis was nie. Uit die getuienis van haar vader, Joseph Masilo, het dit geblyk dat appellant voorheen mnr. Masilo se tuinier was. Appellant het teenoor die klaagster beweer dat die klaagster se vader aan hom geld verskuldig was en het hy 'n vuurwapen te voorskyn gebring en gedreig dat hy hulle daarmee gaan skiet. Appellant het haar gevloek en haar aangesê om die TV en hoëtroustel te ontkoppel en dit na die kombuis te neem. Uit vrees dat hy haar sou skiet, het sy dit gedoen. Appellant het deurgaans die vuurwapen op haar gerig. Appellant het haar ook gevra waar haar vader se vuurwapen is, maar het sy geantwoord dat sy nie kennis dra van so 'n wapen nie. Appellant het daarop al die sleutels van die huis gevra en het hy hulle toe

binne die huis toegesluit, waarna hy met die geroofde items vertrek het. Hierdie geroofde items het ingesluit een kleur TV, een hoëtroustel met twee luidsprekers en 15 CD's, die totale waarde daarvan R10 900.00 beloop het. Al hierdie goedere is teruggevind na appellant se arrestasie.

[8] In die oorweging van gepaste vonnisse, moet daar eerstens op die aard en erns van die misdrywe gelet word. Wat aanklagte 2, 3 en 4 betref, behoef dit geen betoog dat al drie hierdie misdrywe ernstige misdrywe is nie. Ten opsigte van aanklag 2, synde die diefstal van die pistool, is dit duidelik dat die omstandighede waaronder dit gepleeg is, grens aan roof en kan appellant hom gelukkig ag dat hy nie inderdaad van die roof van daardie vuurwapen aangekla is nie. Die erns van die omstandighede waaronder die diefstal van die vuurwapen gepleeg is, blyk ook uit die feit dat die jong kind van Inspekteur Rantai in die proses verwond is. Dit staan ook vas dat appellant daardie einste vuurwapen twee dae later gebruik het om die roof waarna reeds verwys is, uit te voer.

Wat betref die aard en erns van aanklag 6, synde die roof met verswarende omstandighede, is dit uiters ernstig van aard, veral waar appellant 'n jong meisie in die veiligheid van haar eie woning met 'n vuurwapen gedreig het ten einde die geroofde goedere vanuit haar beheer te neem. Die erns waarmee die wetgewer hierdie tipe misdryf bejeën, blyk dan ook uit die feit dat artikel 51 van die Strafregwysigingswet, Wet 105 van 1997, 'n minimum vonnis van 15 (vyftien) jaar gevangenisstraf voorskryf, tensy daar wesenlike en dwingende omstandighede bestaan wat die oplegging van 'n mindere vonnis regverdig.

[9] Ten opsigte van aanklagte 2 en 6, het appellant ook vier vorige veroordelings wat relevant is. Appellant is reeds by drie geleenthede skuldig bevind aan aanklagte van huisbraak met die opset om te steel en diefstal en by een geleentheid is hy skuldig bevind aan diefstal. Hierdie vorige veroordelings moet strafverswarend in ag geneem word.

[10] Teenoor voormelde, moet daar egter ook gelet word op die persoonlike omstandighede van appellant. Ten tyde van vonnisoplegging was appellant 24 jaar oud en was hy slegs

22 jaar oud ten tyde van die pleging van die misdryf. Hy is ongetroud en het een kind van sewejarige ouderdom. Ten tyde van sy arrestasie was hy nie permanent werksaam nie, maar het hy wel van tyd tot tyd stukwerk verrig waarvoor hy soms R100.00 per dag verdien het. Hy het standerd 6 op skool geslaag.

[11] Aanvullend tot appellant se persoonlike omstandighede, meen ek dat dit ook wesenlik is om ten gunste van appellant in aanmerking te neem dat hy ten tyde van vonnisoplegging reeds byna twee jaar verhoorafwagtend was. Daarmee saam is dit ook so dat die vuurwapen wat gesteel is, teruggevind is, sowel as al die geroofde items in aanklag 6. ‘n Verdere belangrike faktor wat in aanmerking geneem moet word, is die feit dat appellant nie die klaagster of enige van die ander persone teenwoordig enige fisiese leed of beserings toegedien het ten tyde van die pleging van die rooftog nie. Hoewel ek aanvaar dat dit ‘n traumatiese ervaring vir die klaagster moes wees, is daar geen getuienis daaromtrent aangebied nie. Sonder om enigsins afbreuk te doen aan die erns van die roofaanklag, is dit so dat die graad van erns van hierdie misdryf gegewe die omstandighede van

hoe dit plaasgevind het, nie van die ernstigste graad is nie. Hierdie faktor moet ook in 'n gepaste vonnis geflekteer word. Sien **S v ABRAHAMS** 2002 (1) SASV 116 (SCA) op 127D – E en **RAMMOKO v DIRECTOR OF PUBLIC PROSECUTIONS** 2003 (1) SASV 200 (SCA) op 204G – 205D.

[12] Wanneer al die bogemelde versagtende en verswarende faktore op ewewigtige wyse in oorweging geneem word, meen ek dat die vonnisse wat opgelê is ten opsigte van aanklagte 2, 3 en 4 wel van pas is en is daar geen basis waarop daarmee ingemeng kan word nie. Die teendeel is, na my mening heeltemal tereg, ook nie deur mnr. Vorster betoog nie.

Wat aanklag 6 betref, is ek egter van mening dat vanweë die faktore reeds vermeld, daar wel wesenlike en dwingende omstandighede bestaan wat die oplegging van 'n mindere vonnis dan die voorgeskrewe minimum van 15 (vyftien) jaar regverdig. Die opgelegde vonnis van 15 (vyftien) jaar gevangenisstraf is skokkend swaar en onvanpas in die

omstandighede van hierdie saak en regverdig dus inmenging op appèl.

[13] Wat betref die wyse waarop die Verhoorhof gelas het die onderskeie vonnisse samelopend uitgedien moet word, is ek insgelyks van mening dat dit ook inmenging regverdig, deurdat die wyse waarop die Verhoorhof dit gelas het, nie blyk ‘n sinvolle basis te hê nie. Gegewe die beperkte ruimte en tyd waarbinne aanklagte 2, 3 en 4 gepleeg is, meen ek dat dit gepas is dat die vonnisse opgelê op aanklagte 2, 3 en 4, samelopend uitgedien moet word. Verdermeer meen ek dat ten einde die kumulatiewe effek van die opgelegde vonnisse te temper, soos klaarblyklik ook die Verhoorlanddros se bedoeling was, behoort die vonnisse opgelê op aanklagte 2, 3 en 4 gedeeltelik samelopend uitgedien te word met die vonnis opgelê op aanklag 6. Hierdie samelopende uitdiening moet egter sodanig geskied dat appellant steeds op behoorlike wyse gestraf word vir die oortredings wat hy in aanklagte 2, 3 en 4 begaan het. Ten einde dit teweeg te bring sal dit dus nie van pas wees om die totaliteit van die vonnisse opgelê op aanklagte 2, 3 en 4

samelopend met die vonnis opgelê op aanklag 6 te laat uitdien nie, maar slegs gedeeltelik.

[14] Gevolglik word die volgende bevel gemaak:

1. Die appèl teen die vonnisse opgelê op aanklagte 2, 3 en 4, word van die hand gewys en die opgelegde vonnisse word bekragtig.
2. Die appèl slaag teen die vonnis opgelê op aanklag 6, die opgelegde vonnis word tersyde gestel en vervang met een van 10 (tien) jaar gevangenisstraf.
3. In terme van die bepalings van artikel 280 van Wet 51 van 1977 word dit gelas dat die vonnisse opgelê op aanklagte 2, 3 en 4 samelopend uitgedien moet word met mekaar en voorts moet 4 (vier) jaar daarvan samelopend uitgedien word met die vonnis opgelê op aanklag 6.
4. Bogemelde vonnisse moet geag word opgelê te gewees het op 4 Augustus 2004.

**C. VAN ZYL, R**

Ek stem saam.

**A.P. BECKLEY, R**

| | |
|---|---|
| Namens die appellant: | Mnr. J.B. Vorster<br>In opdrag van:<br>Bloemfontein Regsentrum<br>BLOEMFONTEIN |
| Namens die respondent: | Adv. R. Hoffman<br>In opdrag van:<br>Direkteur van Openbare Vervolging<br>BLOEMFONTEIN |

/sp